

Iets Oor Ou Afrikaanse Liedjies.



IEDER leser van DIE HUISGENOOT ken seker die dansliedjie: „Wat maak oom Kalie daar? Wat maak oom Kalie daar?” Die meeste sal egter nie weet dat dit 'n ou Duitse studentewysie uit die agtiende eeu is nie. Dit word vandag nog gesing wanneer in 'n studentevereniging die groenes (Füchse) opgeneem word. Onder die leiding van die „Fuchsmajor” moet hulle dan op stoele, die leunings na vcor, die vertrek ingery kom. Dat daar maar baie klein afwykinge in die wysie is soos ons dit nou hier sing, sal blyk uit die volgende afskrif van die Duitse lied soos dit in die „Lahrer” *Kommersbuch*, wat vandag byna kanoniek is, staan:

Beim Fuchtritt zu singen.

Levendig.

Was kommt dort von der Höh, was kommt dort von der Höh, was kommt dort von der le - der - nen Höh, ça ça le - der - nen Höh, was kommt dort von der Höh?

Die vraag, hoe daardie lied se wysie na ons gekom het, sal sekerlik nooit heeltelmal opgehelder kan word nie. Maar vir watter interessante gissinge en fantasieë maak dit nie die deur oop nie?

Sangwysies het dikwels wonderlik rondgeswerwe. Die bekende Engelse „For he's a jolly good fellow,” is 'n ou Franse wysie: „Malbrouck (later, in die agtiende eeu, *Marlborough*) s'en va-t-en guerre”; wat, volgens party mense, op sy beurt van Arabiese oorsprong is, uit die tyd toe die Sarasene uit Spanje Frankryk wou binnedring.

As ons aan die posiesie van die Kaap in die sewentiende en agtiende eeu dink, en aan die verteenwoordigers van die wêreld se nasies wat hierlangs gereis of hier vertoef het, dan kan ons al byna verwag dat hier liedjies uit baie lande, in hoofsaak natuurlik Nederlandse, bly hang het.

Aangaande „Wat maak oom Kalie daar?”; ons weet dat gedurende die later tydperk van die Oos-Indiese Kompanjie se bewind hier aan ons suidhoek, die soldate feitlik algar Duitsers was. En hoogs waarskynlik sal onder dié knapies meer as een verstoteling van die Duitse universiteite gewees het, en deur hulle (wie kan sê?) sou daardie wysie hier kan belande het. Dis egter nie onmoontlik nie dat dit in Holland al bekend was; —daaroor sou 'n kenner van die Nederlandse volkslied geraadpleeg moet word.

Eksel self skryf hierdie stuk as 'n pure leek, omdat 'n paar interessante feite in verband met ou Afrikaanse liedjies wat ek hier en daar opgetel het, onder my aandag gekom het—veral van die kant van mevr. Ita Neethling, van die distrik Potgietersrust.

In Humansdorp (die grensdistrik, langs die kus, van die oorspronklike Boere-trek na die ooste) word die volgende liedjie*) nog gesing:

1. Er waren drie, er waren drie tam-boe-ren. Er waren drie, er wa-ren drie tam-boe-ren. Wa-ron-en-die-jon, en-die-mel-en-die-jon! Er waren drie tam-boe-ren.

DEUR J. F. W. GROSSKOPF,
STELLENBOSCH.

[Outeursregte voorbehou.]

2. Een van die drie die sag daar 'n mooie meisie. (*Herhaal!*)
Wa-ron-en-die-jon, en-die-mel-en-die-jon!
Die sag daar 'n mooie meisie.
3. Liewe meisie, mag ek naar u, kom vryen? *ens.*
4. Wel, skuinstamboer, dat moet je myn pa gaan vragen. *ens.*
5. Wel, oude heer, kan ek naar u dogter vryen? *ens.*

6. Wel, skuinstamboer, daar kan ek jou niks van sê nie. *ens.*
7. Maar, skuinstamboer, en wat is dan jou rykdom? *ens.*
8. My rykdom is my paardjie en my sadel. *ens.*
9. Maar, oude heer, en wat is u dogters rykdom? *ens.*
10. Haar rykdom is haar tafel en haar stoeltjies. *ens.*
11. Wel, oude heer, dan wil ik u dogter niet hebben. *ens.*
12. Wel, skuinstamboer, dan kan jy na jou moer gaan! *ens.*

Die vreemde woord „skuinstamboer” trek al dadelik die aandag—„tamboer,” natuurlik, in sy oorspronklike betekenis van trommelslaner; en in hierdie geval ene met die kleiner trommel wat meer na sy linkerkant hang, aan 'n breë band wat skuins oor sy regterskouer gaan.

Maar nog interessanter was die saak toe mevr. Neethling uit haar groot versameling van Franse „chansons” somar 'n paar eksemplare (wat in teks en melodie effens onder mekaar verskil) van 'n ou Franse liedjie uithaal. In die een vorm begin dié lied:

„Trois jeun's tambours s'en revenant de la guerre.
Et ran tan plan, etc.”

*) Dat hierdie note-afskrif nie in mate ingedeel is nie, is histories heeltelmal in ooreenstemming met die feit dat die ou volkslied—wêreldlik sowel as geestelik—in sy wysie veel meer die woorde en hulle ritme gevolg het. Dit sien ons nou nog in die metriese vryheid van Afrikaanse deuntjies. Dit was, b.v., ook die geval by die ou Frans-Protestantse Psalms. (Vgl. „Hugenottenlieder,” uitgegee deur Cordier, Elberfeld, 1925.)

(D.w.s. Drie jong tamboere wat terugkeer van die corlog.) In 'n ander uitgawe is dit een „mooi tamboer”; „Joli tambour revenant de la guerre.” En hy vra ook 'n vader—nogal die koning self:

„Sire le roy, donnez moi votre fille.”
(Majesteit, gee vir my u dogter.)

Maar hy kry die afwysende antwoord:
„Joli tambour, tu n'es pas assez riche.”
(Mooi tamboer, jy is nie ryk genoeg nie.)

In 'n ander lesing word die dogter egter deur die koning self aan die tamboer aangetoon—met watter rykdomme nog daarby! Maar hy versmaai dit alles; want „ek is die koning van Engeland se seun.” Hoe eg boers-Afrikaans is dit nie in ons liedjie gewysig nie!

Het hierdie lied nou met die Hugenote gekom? Onmoontlik is dit nie, maar nie alte waarskynlik nie; ook weens die half-Nederlandse taalvorm wat dit tot vandag toe behou het. En aan my is gesê, daar bestaan 'n ou Hollandse: „Drie schuintamboers die kwamen uit den oosten.” Tog is dit opvallend dat die Afrikaanse melodie uit Humansdorp (soos dit deur my vrou daar opgeteken is) nogal 'n sterk ooreenkoms vertoon met die ou Franse wysie. (Uitgegegee o.a. in die *Collection René Delbost*, No. 5, „Joli Tambour,” en in *Vieilles chansons de France*, notées par Marya Delvard.)

* * * * *

Van verskeie ou Afrikaanse liedjies het ek al vcor jare die woorde opgeteken uit die mond van komdt. Jan Viljoen, 'n egte Zoutpansberger van die ou dae. Ons was in die bewoë tye van 1914-1915 lank saam in een tronk-sel in Pretoria. Hy kon die liedjies nog sing; want in sy jong jare was hy 'n vername seremoniemeester op bruilofte gewees. Maar ongelukkig weet ek self van musiek te min om 'n wysie te kan opskrywe.

Een van syne, 'n eenvoudig-liewe Boere-minneliedjie, het vir een van ons bekende musikusse, prof. Hans Endler, van die Stellenbosse Konserwatorium, so bekoor dat hy dit self wou toonset. Dit het onlangs by R. Müller in druk verskyn onder die tittel „Ou Afrikaans-Hollandse liedjie uit Zoutpansberg,” en dit sal seker in dié vorm baie vriende maak.

Die woorde laat ek hier volg (presies soos dit vir my voorgesing is):

1. Die vogeltjies sing so vriendelik,
so vriend'lik en so bly,
maar mooier sing my liefste,
geen vogeltjie soals sy.

2. Die sterretjies skyn so vriendelik,
verkwik my menig keer,
maar haar twee bruine ogies
verkwik my hart nog meer.
3. Die vrugte is so heerlik,
so gulsig en so soet,
maar 'n soentjie van my liefste
die doen my hart so goed.
4. My vriende syn my dierbaar,
famielje my veel waard,
maar ek bemin my liefste
boven elke vriend op aard.
5. Omhels my met u armen,
ontvang my in u skoot,
kom bind met my 'n liefdebånd,
ja, blyf tot in die dood!

Van verskeie van oom Jan Viljoen se liedjies het ook 'n jong Waterberger, Christiaan van Staden, gedeeltes geken; dikwels met effentjies ander woorde. Hy het toe vertel dat sy susters nog „skryfboekevol” het met sulke liedjies (die woorde, natuurlik). Ook uit Kaapse distrikte, Cale-

schryf my dan eens een brief,
opdat ik op uw bruiloft mocht komen,
opdat 'k op uw bruiloft mocht zyn.

5. Zy zeide: Op myn bruiloft zult gy er niet komen,
op de bruiloft zult gy er niet zyn;
want er zyn zoveel ander jongeheertjies,
die zoveel beter zyn dan gy.
6. En ik zeide: Zoetliefje, als gy komt te sterven,
schryf my dan eens een brief,
opdat ik op uw grafsteen mocht schryven:
„Hier ligt een zoetlief van my.”
7. Zy zeide: Op de grafsteen zult gy niet schryven,
op de grafsteen zult gy er niet zyn;
want er zyn zoveel ander jongeheertjies,
die zoveel beter zyn dan gy.

In Humansdorp het hulle die eerste versie as vyfde gesing, en die lied begin met die woorde wat hier onder die note staan:

Die volgende verse is dáár dan:

4. „Op m'n bruilof hoef gy niet te wesen,
op m'n bruilof hoef gy niet te syn;
want er syn soveel andere heertjies,
die daar op myn bruilof sal syn.”

5. Dit was langs Groenlands strate,
daar heb ik ten einde gedaan,
daar heb ik myn soetlief moet laten;
dat heeft myn famielie gedaan.

My eie gevoel was dat in die Transvaalse teks (alhoewel dit in party opsigte meer afgeslyt is) die Hollandse taalvorm nog sterker gevoel is—soos ek deur die skryfwyse probeer aandui het. In baie gevalle bewys die onvolkome rym dat daar iets verkeerd is: By hierdie laaste vers sien ons, b.v., dat reëls 1 en 3, 2 en 4 nog rym, terwyl daar verse is wat glad nie meer rym nie. Reël 3 van die eerste vers van die Transvaalse afskrif kan moontlik gewees het:

„Daar heeft my myn zoetlief verlaten.”

Ons moet naamlik onthou: sulke liedjies het vir geslagte van mond tot mond gegaan; die sing was die hoofsaak, en so het die woorde

1. Niet langer dan Sa-ter-dag - a - vond sta ik voor myn soetlief
haar deur, en'k sei-de: „Soet-lie-fie, doe o-pen, hier sta ik
voor u deur!”

don, b.v., vertel vriende vir my van vroulike famielielede wat nog sulke geskrewe teksversamelinge van Afrikaanse liedjies bère. Daar sou dus selfs vandag nog baie kans wees om 'n volks-erfstuk van die grootste waarde te red—veral as 'n musiekkundige ontdekkingsreisiger sou uit-trek na die meer afgeleë dele van die land om ook die melodieë te kan opskrywe.

Baie van dié liedjies was bruilofs- en liefdes-iedere. So was daar die ou Hollandse „Aan den oever van een snellen vliet,” wat hulle in Trans-vaal glo gewoonlik die *Jonkmanslied* genoem het; en die *Troulied*: „Hier treed ik in een anders huis.” Van dié twee kon ek die teks nie volledig kry nie, maar baie mense sal dit nog ken.

Merkwaardig is dit dat een van die liedjies wat ek uit die mond van die Zoutpansberger opgeteken het, met klein afwykinge ook in Humansdorp, onder aan die suidkus, nog bekend is. Die melodie is ook in hierdie distrik deur my vrou opgeteken. Die wysie herinner weer sterk aan dié van 'n ou lied uit die *Horae Belgicae* (12de of 13de eeu): „Naer Oostland willen wij rijden/Naer Oostland willen wij mee.”

Die woorde van dié lied, soos ek hulle in Transvaal opgeteken het, was as volg:—

1. Daar waren in Groenlands straten
zo menig tot einde gebracht,
daar heb ik myn zoetlief verloren;
dat hebben mijn vrienden gedaan.
2. Niet langer dan Zaterdagavond
toen stond 'k voor myn zoetlief haar deur,
ek 'k zeide: Zoetliefje, doe open,
hier sta ik voor uw deur.
3. Zy zeide: Ik doe u niet open,
ik laat u niet binnenkwam;
want er zyn zoveel ander jongeheertjies,
die zoveel beter zyn dan gy.
4. En ik zeide: Zoetliefje, als gy komt te trouwen,

2. „Ik doe u so waarlik niet open,
ik laat u so waarlik niet in;
so gaan maar naar huis en gaan slapen,
hier heb ik 'n ander soetlief.”

3. Nu bethl'hems gy komen te trouen, (*blyk-baar bedorwe*)
so skryf my dan tog ook een brief,
dat ik op u bruilof mog wesen
en kies my een ander soetlief.



'n Duitse volksliedsinger met fluit en skuins tamboer aan die begin van die sewentiende eeu.

taamlik verslyt en op plekke selfs onverstaanbaar geword.

* * * * *

Hierdie laaste lied gee in elk geval nog die indruk dat dit van meer regstreeks Hollandse afkoms is, en dit sou my nie verbaas as dit vandag nog, b.v., as matroslied daar lewe nie. Meer Afrikaans—alhoewel ek my mag vergis—lyk die volgende vrolike spotliedjie oor trouery (ook uit Humansdorp):—

(Vir die musiek sien volgende plaat.)

1. So Jannie, trou je liewers niet, dan raak jy in verdriet!
So Janne, trou je liewers niet, dan raak jy in verdriet!
Want trou jy met 'n oue, dan gaan sy voor jou dood,
En trou jy met 'n jonge, dan sit sy op jou skoot.
So Jannie, trou je liewers niet; dan raak jy in verdriet!
So Jannie, trou je liewers niet; dan raak jy in ellende!
2. So Jannie, ens.
Want trou jy met 'n lange, dan siet sy jou ooreen,*
en trou jy met 'n korte, dan gryp sy aan jou been. *Ens.*
3. Want trou jy met 'n skele, dan siet sy twee vir een,
en trou jy met 'n regte, dan siet sy weer te veel.
4. Want trou jy met 'n ryke, dan is sy oor jou baas,
en trou jy met 'n arme, dan loop jy nes ou Klaas.

*) Só uitgespreek, en nie oor-heen nie. Die uitspraak „ooreen” hoor 'n mens ook baie in die Noorde in die uitdrukking „oorheen skiet” (op jag).

Polka-maat. Vinnig.

1. So Jan-nie trou je lie-wers niet, dan raak jy in ver-driet! So Jan-nie trou je lie-wers niet; dan raak jy in ver-driet! Want trou jy met 'n ou-e, dan gaansy voor jou dood, en trou jy met 'n jon-ge, dan sit sy op jou skoot. So Jan-nie trou je lie-wers niet; dan raak jy in ver-driet! So Jan-nie trou je lie-wers niet; dan raak jy in el-len-de!

uitgerek.

5. Want trou jy met 'n vette, dan slaap jy te benoud,
en trou jy met 'n maere, dan slaap jy weer te koud.

Ek het orals moeite gedoen om die woorde van sulke liedjies presies so op te skrywe soos ek dit gehoor het, ook waar daar duidelik foute of korrupsies was; en so half-Hollands, half-Afrikaans soos dit in die mond van ons mense bly leef het. Miskien is dit nog 'n oorblyfsel van die meer filologiese grondslag van my eerste studietyd. Maar ek is oortuig daarvan dat dit by die opteken die regte metode is. Hoe meer verskillende lesings noukeurig in allerhande streke opgeteken word, hoe makliker sal dit dan wees om 'n halfbegrawe musikale volkskat weer in sy beste vorm in ere te herstel en vir algemene gebruik uit te gee.

Blykbaar het die ouer geslag veel meer gesing as wat ons dink. En nie van dié ontleende tingeltangel-wysies of vertaalde Engels-Amerikaanse goedjies wat vandag deur die onwetendes dikwels as „Afrikaanse” liedjies verwelkom word nie; maar egte ou erfstukke van die voorvaders—alhoewel in die teks baiekeer kostelik vervorm om dit aan te pas by die Afrikaanse lewe. Dit was liedjies wat met die mense saam gelewe, saam getrek en saam verander het. En dit is juis die karakter van die egte volkslied. Ek wil nie ontken—dit het tog al uit die bowestaande geblyk—dat ook die ou volkslied ontleen het nie. Sels moderne toeëigeninge soos „Sarie Marais” het in die volksmond volksliedkarakter aangeneem, met die tiepiese verandering van woorde (b.v., groen doringboom en geelperskeboom vir soetdoringboom) en aanlas of verloor van versies.

„Sarie Marais” is egter tog maar die wysie van 'n betreklik moderne Amerikaanse lied, en ook die woorde is half-vertaal. „Wanneer kom ons troudag, Gertjie?” is die wysie van „Just before the battle, mother”; „Boereplaas” van die Duitse „O Tannenbaum”; „Transvaal is weer in moeilikheid” van die Amerikaanse „Marching through Georgia.” Ook daardie liefing van die Stellenbosse studente: „Kom ons gaan blomme pluk in die vlei,” is bewus vir 'n Engelse deuntjie deur my ou studievriend Imker Hoogenhout—destyds, toe ons feitlik net Engels gesing het, 'n besliste verdienste. En, laat ons eerlik wees, heelwat van die jongste strand-, piekniek- en voetbal-liedjies kom van die Kaap-

se kleurlinge, wat 'n opvallende volksliedgawe besit.

In my studentedae, meer as twintig jaar gelede, het ons na 'n groot oorwinning van Japie Krige en Bob Loubser hulle gesing:

Die Stellenbosch se boys are as good as gold.
Die Kaapnaars se hart word naar.
Wie, wie, wie (*crescendo*) gee vir Villagers?
(*of wie dit mag gewees het*).
Stellenbosch gee vir die Kapenaars!
Lekker! (*Eintlik: Lekkê!*)

En baie van ons wis dat dit eintlik van die Pêrelse of Wellingtonse volk afkomstig was;—soos waarskynlik ook: „Tan' Miëna kook stroop / Vir meboskonfyt / Van Wellingtonse suiker/Van trippens die pond.”

Partykeer, natuurlik, het die Kaapse volk, naas ander ou Afrikaanse oorblyfsels, ook nog egte outydse liedjies van hulle blanke base bewaar. En dit sou vir 'n wetenskaplik deeglike navorser ook bepaald raadsaam wees om onder die „bruin mense” ou volksliedjies op te spoor.

* * * * *

Sedert jare al word in Europese lande—lande dikwels met die rykste skat van nasionale kunsmusiek, ywerig van dié ou volksliedere vergaer en gedruk. Baie daarvan het in die groot konsertsale met eer verskyn. Ek hoef net aan Franse „chansons” en die Keltiese vissersliedere van die Hebriede te herinner. Wêreldroem het die sangeres Yvette Guilbert verwerf met haar voordragte van ou Franse (later ook ander) volksliedere, en sy het daardeur geweldig bygedra tot die eerherstel van sulke volksang, nie alleen in haar eie vaderland nie. In Duitssprekende lande word honderde van eenvoudige ou boereliëdjies vandag weer gesing, en die outydse begeleiding-instrumente soos die luit en die Klampfen” (die Suid-Duitse ghitaar), het daardeur weer saam herlewe.

Die harde baanbrekerslewe van die Afrikaanse Boere en hulle verspreide woonplekke was nie eintlik bevorderlik vir die ontwikkeling en voortbestaan van 'n eie volkslied nie. En tog sal ons waarskynlik ontdek dat daar ongekende skatte is wat ons nog uit die stof kan uitgrawe en weer tot algemene volksbesitting kan maak.

Dis 'n ereplig vir die geslag van vandag!

* * * * *

Ek hoop dat dié paar voorbeelde, wat deur gelukkige toeval in my hande gekom het—dus sonder dat ek eintlik gaan soek het—'n aansporing sal wees vir baie ander om ook 'n bietjie te help soek en opgrawe en bekend maak. Die Redakteur van DIE HUISGENOOT sal seker met graagte dié navorsing aanmoedig en steun. As hy wil, kan ek hom 'by 'n later geleentheid nog woorde van 'n klompie ou Boere-liedjies uit Transvaal stuur, en miskien een of twee liedjies met wysies uit Humansdorp.

Stellenbosch, 24 Febr. 1928.

In die Aandskemering.

Deur D.J.P.

In die vreedsame stilte van die aandskemering is rus en geluk.

Vir die landbouer wat van die eerste tinteling van die rooidag af op sy plaas in die sweet van sy aanskyn gewerskaf en geswoeg het; vir die uitgeputte sakeman met die gesoem van die groot stad nog in sy ore, en syfers en besigheid in sy kop—vir al die wriemelende mensies is dit asof die aandskemer 'n sagte hand op die verhitte voorhoof lê en 'n stilte kalmte en tevredenheid in die siel bring.

Dis is die aandskemer, as die nag sag en geruisloos om jou heen vou, dat jy die haat en die bitsigheid, en die nougesette kleinlikheid van die mens uit jou siel verban, en jy jou hart wyd oopsit vir die gees van liefde en verdraagsaamheid wat die heeal deurtrek.

Dis in die aandskemer dat jy die glorie en die geluk ondervind van die mens wat die kiem van 'n God in hom het.

Hy: „Weet jy watter deel van 'n motor die gouste breek as 'n mens nie versigtig is nie?”

Sy: „Dis seker die stuurwiel, want daarom het jy met jou twee hande die wiel so versigtig gehou toe ons gery het.”

* * * * *

Hoogmoedige ouer: „So? Dan wil jy my skoonseun word?”

Kêrel: „Nee, Meneer, maar as ek met u dogter trou, dan sal ek maar moet, want ek sien nie hoe ek anders daaruit sal kom nie.”